

18 Maart 2020

PASTORALE BRIEF GEREFORMEERDE KERK BLOEMFONTEIN-NOORD

Liewe Broer en Suster,

Op 'n manier het niks verander nie en op 'n manier het alles verander. Wat nie verander het nie is dat ons as gemeente steeds Christene is wat elke dag ons Godgegewe roeping in die wêreld moet uitleef. Ons is Christene wat mekaar en ander verbygaande mense met die Woord toerus om te lewe.

Wat wel verander het, is dat ons omgewing en omstandighede met die verspreiding van die virus verander het. Ons taak is om ons roeping uit te leef binne in die beperkinge wat die uitbreek van die virus meebring.

Ons, as kerkraad het besluit, in die lig van die aankondiging van die regering se pogings om die Korona Covid-19 virus se verspreiding te beperk, om tot verdere kennisgewing nie met eredienste in die huidige formaat voort te gaan nie. Ons kies om, ter wille van mekaar en die gemeenskap waarin ons as kerk lewe om die owerheid te ondersteun in sy pogings om, met sy verbod op byeenkomste van meer as 100 mense asook ander kleiner byeenkomste wat nie noodsaaklik is nie, die virus te bekamp. Ons meen dit is die verantwoordelike ding om te doen.

Die opdrag van die owerheid is nie gerig teen die Christelike godsdiens nie en plaas ons dus nie voor 'n keuse om in die geval aan God meer gehoorsaam te wees as aan die owerheid nie. Die besluit is in lyn met dit wat wêreldwyd gebeur. Dit gaan vir ons ook nie oor 'n magiese getal van 100 nie, maar oor die beginsel dat dit nie wys is dat mense nou in groepe bymekaar kom nie. Daarom raak die besluit al die eredienste.

Op 'n manier is ons opgewonde oor die geleentheid wat die situasie ons bied. Ons het die verwagting dat ons nie net kan voortgaan om kerk te wees nie, maar dat die Here vir ons nuwe praktyke en geleentheid sal gee om getrou aan Hom in hierdie wêreld te leef. Die omstandighede dwing ons om vanuit die beginsels en betekenis van bestaande gebruike soos eredienste, te dink oor hoe ons op ander maniere die Here steeds kan aanbid en dien. Ons ondersoek in die verband verskillende maniere van aanlynbediening. Ons wil almal uitnooi om biddend kreatief saam met ons te dink oor hoe ons kerk van die Here in die omstandighede kan wees. U is welkom om kommentaar hieroor aan die kerkkantoor deur te stuur.

Omdat ons nie net aan onself moet dink nie versoek ons u om ter wille van die mees kwesbare mense in ons gemeente en gemeenskap, medeverantwoordelikheid te neem in hoe u die oordrag van die virus probeer voorkom. Wees asb daarop gerig om vrees en paniek teen te werk deur nie fopnuus op sosiale media te versprei

nie. Ons word juis in tye soos hierdie geroep om Jesus ook deur ons daade sigbaar te maak.

Die kerkraad het 'n taakspan aangewys wat aan ons leiding gaan gee oor hoe ons die situasie op die kort en mediumtermyn moet hanteer en daar sal deurlopend met u gekommunikeer word. Daar sal dus vir die volgende vier Sondag nie kontakerdienste wees nie (22 en 29 Maart, en 5 en 12 April 2020). U kan wel op ons gemeente se Webblad en Facebookblad na preke luister.

U sal beseft dat hierdie gebeure groot implikasies het vir ons gemeente se beskikbare middele om ons bediening te laat voortgaan – spesifiek finansiële. Waar nodig sal ons minderbevoorregtes bystaan. Met geen eredienskollekte in die volgende weke egter, doen ons 'n beroep op u om via internetbankdienste of direkte inbetalings of in 'n koevertjie, 'n dankofferbydrae te bly gee – dit is vir die GK Bloemfontein-Noord, by ABSA, rek no 1570 340 065.

As gelowiges het ons die roeping om nou te lewe, terwyl die vrede van Christus die deurslag gee in ons lewens en waghouding oor ons gedagtes. In Jeremia 29 vind ons vir Israel as ballinge in Babel – dis 'n plek waar hulle nie wil wees nie, dis 'n plek waar dit onmoontlik lyk om te kan lewe – maar dan sê die Here vir die ballinge: Soek die vrede van die stad waarheen Ek julle in ballingskap weggevoer het, en bid daarvoor tot die Here; want in die vrede daarvan sal julle vrede hê. Mag ons wat Jesus Christus, die Vrede van God, ken ook sy vrede aan mekaar en ander bedien.

Namens die kerkraad